

Reklamekoördineerder: Afrikaans en Engels

NB-Uitgewers het 'n vakante pos in Kaapstad vir 'n georganiseerde en energieke reklamekoördineerder om publisiteit te genereer vir die Lux Verbi- en Pharos-titels en om die volgende fiksie-drukname te ondersteun: Tafelberg, Human & Rousseau en Queillerie. Die persoon sal ook verantwoordelik wees vir die koördinerings-, administrering- en voorlegging van die literêre pryse.

Hoofdoel van die rol

Om die publiek bewus te maak van en om maksimum publisiteit te genereer vir ons skrywers en hulle boeke in Afrikaans en Engels oor alle mediavorme.

Hoof-verantwoordelikhede

Die suksesvolle kandidaat sal aan die reklamebestuurder rapporteer en vir die volgende verantwoordelik wees:

- Die voorbereiding en implementering van bemarkings- en reklameplanne vir die groep se Afrikaanse en Engelse titels, Christelike titels inkluis.
- Skakeling met die media om die maksimum positiewe publisiteit vir ons titels te kry in alle vorme van digitale, sosiale en tradisionele media.
- Die bou en handhawing van goeie werksverhoudinge met skrywers, boekhandelaars en die media.
- Die reël van boekbekendstellings en skrywerstoere.
- Om saam te werk met ons redaksionele- en verkoopsafdeling.
- Die skryf en koördineer van reklamemateriaal vir gebruik in onder andere mediaverklarings, nuusbriewe, internetbemarking, sosiale media en interne kommunikasie.
- Om te werk binne die perke van 'n bemarkingsbegroting.
- Ondersteuning van die reklamebestuurder in algemene kantooradministrasie.
- Die koördinerings-, voorlegging- en administrasie van literêre pryse oor al die genres en drukname.

Vereiste vaardighede en bevoegdhede

- Uitstekende verbale en geskrewe vaardighede in beide **Afrikaans en Engels**.
- Uitstekende kommunikasie- en netwerkvormingsvaardighede.
- 'n Grondige begrip van die media.
- Sterk interpersoonlike vaardighede.
- Beskik oor uitstekende organisatoriese en beplanningsvaardighede.
- Die vermoë om onder druk te kan werk en te hou by spertye.
- Beskik oor kreatiwiteit en wees innoverend.

- Die vermoë om te kan onderhandel en om oortuigend te wees.
- Gedrewe en gemotiveerd om sukses te behaal.
- Aanpasbaar en oor die vermoë beskik om vinnig en proaktief te reageer op verandering.
- Die vermoë om te fokus en te prioritiseer.
- Om aandag te skenk aan detail terwyl die groter geheel in gedagte gehou word.
- Die vermoë om 'n impak te skep in die media en terselfdertyd bewus te wees van kostes.
- Bevoegdheid in relevante sagtewarepakkette en toepassings.
- Logiese denker wat goed is met administrasie.
- 'n Geldige bestuurslisensie.

Kwalifikasies wat vereis word

	Vereiste	Voorkeur
Kwalifikasie	Relevante tersiêre kwalifikasie.	BA-graad in tale of joernalistiek. Bemarkingskwalifikasie.
Ervaring	Ervaring in bemarking of die boekhandel.	Blootstelling aan die media-omgewing. Blootstelling aan die boekhandel. Ervaring in reklame van boeke of die skakelwese.
Voorafkennis	Goeie algemene kennis. Belangstelling in lees, boeke en die uitgewersbedryf in die algemeen.	Kennis van kontemporêre volwasse Afrikaans en Engelse literatuur. Kennis van die boekhandel.

Die maatskappy bied aan die suksesvolle kandidaat 'n mededingende salaris en lidmaatskap van die maatskappy se aftree- en mediese fonds.

Doen hier aansoek:

<https://media24.simplify.hr/#currentVacanciesContainer>

Sluitingsdatum: **15 November 2018**

Neem asseblief kennis dat indien jy nie binne een maand van ons gehoor het nie, jou aansoek onsuksesvol was. NB-Uitgewers is onder geen verpligting om hierdie pos te vul nie.